

21 FEBRUARIE

**SKRIFGEDEELTE: 2 KRONIEKE 33:1-17
FOKUSGEDEELTE: 2 KRONIEKE 33:12**

Gebed as teken van God se genade in oordeelstyd

Jy is moontlik in groot moeilikheid vanweë jou eie skuld. Jy het willens en wetens die verkeerde ding gedoen en nou dra jy die bittere gevolge. Dit voel soos 'n verskriklike oordeel wat jou tref. Jy weet jy kan niemand anders as net jouself blameer nie. Wat nou? Beteken dit dat jy nou in jou eie donker put moet vergaan? Nee, beslis nie. Daarvoor is die geskiedenis van Manasse vir ons opgeteken.

Koning Manasse van Juda het vir homself 'n soortgelyke put gegrawe. Hy bevind hom behoorlik onder die Here se oordeel. Hy het die heidense altare wat sy vader, koning Hiskia, afgebreek het, weer opgebou om die afgode te dien. In vers 6 staan hy het baie gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here om Hom te terg.

Hieroor het die Here met Manasse, asook met die volk Juda gepraat, maar hulle het nie geluister nie. Die sonde bring net verdere sonde voort. Die sondige mens bring homself elke dag net dieper in die moeilikheid. Die Here stuur dan vyande om Manasse te vang en soos 'n wilde dier met hakke en kettings na Babel te bring. Hiermee word die verharde Manasse stukkend geslaan. Hy wat vry van God wou leef, bevind hom nou in diepe benoudheid. Dan vind ons Manasse op sy knieë besig om tot God te bid. Hy smeek God om genade, want alles is sy eie skuld. Hy verootmoedig hom voor die Here, want hy is duisende talente skuldig en hy besit nie eens een nie. God verhoor sy gebed en betoon aan hom genade.

Sien tog God se genadige hand ook raak in die benoudheid waarin jy verkeer. Jy is dalk ook stukkend geslaan, maar jy is nie vernietig nie. Smeek God om genade, wat sy Eniggebore Seun, Jesus Christus, die ergste benoudheid aan die kruis laat deurworstel het, sodat daar vir mense soos jy, wat met 'n stukkende hart en verslae gees tot Hom bid, genade en verlossing sal wees.

Gaan dan en sondig nie meer nie, maar dien die Here in dankbare gehoorsaamheid.

Sing: Psalm 116:1, 7

Ds Sarel Cilliers (Waterberg)